# ’n Woord vooraf

## *Ad fontes*

Dit is bekend dat *ad fontes* ’n roepkreet was van die Italiaanse Renaissance gedurende die laat-vyftiende en vroeg-sestiende eeu. In hierdie opsig het dit by die Italiaanse Humanisme gewys op ’n terugkeer na die “klassieke” bronne, met ander woorde die *fontes* van die Griekse en Latynse geleerdheid uit die antieke tyd. Noord van die Alpe egter, by die beweging wat as die Christelike Humanisme bekendstaan (in onderskeid van die Italiaanse Humanisme), het die klem verskuif na die Skrif, die vroeë Christelike outeurs en die kerkvaders as die *fontes*. Só — met *ad fontes* as ’n beroep op die vroeë kerk, in die besonder op die kerkvaders — is die weg vir die daaropvolgende Reformasie voorberei: terug na die Skrif as Woord van God.

Reformasie was dus in sy wese van die begin af verstaan as die herstel van die kerk deurdat daar teruggegryp word na ’n bepaalde maatstaf, die *fontes*. Vir die Reformatore was dit vanselfsprekend: die *fons* was die Skrif as Woord van God. Reeds by Zwingli was daar sprake van die skep uit die *fontes* van die suiwer evangelie as die anker tot die *reformatio* en behoud van die christelike godsdiens, waarmee ooreenstemming met Augustinus se gebruik van die begrip gevind is. Ook by Calvyn is die wesentlike van *gereformeerd* dat dit reformasie is volgens die eis en maatstaf van die evangelie.[1] Soos wat die (latere) uitdrukking *ecclesia reformata semper reformanda* nooit losgemaak kan word van die begrip Reformasie soos gebruik in die sestiende eeu nie, was dit vir die Reformatore nie eers ’n vraagstuk nie: daar kan nie so iets wees soos *reformare* of *reformanda* indien dit nie direk op die Skrif as Woord van God berus nie.

*Ad fontes* is ook die slagspreuk waarmee Ludolf Ferdinand Schulze sy wetenskaplike werk op die hoogste internasionale vlak as teoloog

1 Vgl. D’Assonville V.E. 2002. Die plek en die rol van die kerklied in die erediens: ’n Teologiese perspektief. *Vir die Musiekleier, Jaarblad van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging*. 22 Des. 19-26.

en tog as kinderlike Christusgelowige verrig het. Met die ononderhandelbare eis in die teologie om altyd met die primêre bronne te werk het hy die genade ontvang in sy roeping — gawe en opgawe — om terselfdertyd altyd die Woord te bedien. As primêre Bron in hierdie bediening geld altyd by hom die Skrif, óók in die teologie. Goedskiks kan die uitspraak, sewe jaar gelede gemaak ten opsigte van prof. W. van 't Spijker ('n gewaardeerde kollega en tydgenoot van Ludi Schulze en iemand wat dadelik ingewillig het om 'n bydrae tot hierdie *Festschrift* te lewer) ook op Ludi Schulze toegepas word:

> Het willen ontsluiten van bronnen verraadt een meer dan wetenschaplijke interesse: het gaat ook in dit wetenschappelijk werk om de bron waar de kerk vandaag uit kan putten, die van het levende water van het evangelie van de Here Jezus Christus.[2]

*Ad fontes* is daarom 'n gepaste titel vir 'n *Festschrift* vir Ludi Schulze in 2004, die jaar waarin hy 75 jaar oud geword het. Sy bibliografie aan die einde van die bundel spreek vanself — dit illustreer hoe hy in 'n wye veld, met 'n uitsondelike kombinasie van kundigheid op onder meer die terreine van musikologiese, filosofiese, taalkundige, historiese en teologiese studies, 'n besondere bydrae binne reformatoriese kader gelewer het. 'n Kort lewensskets van hom het reeds sowat tien jaar gelede in druk verskyn,[3] waarin onder meer besondere, dikwels onbekende, aspekte van sy *Werdegang* as teoloog vermeld word. Só het hy sy proefskrif in Straatsburg verdedig ná navorsing van die primêre bronne onder leiding van een van die belangrikste 20$^{ste}$-eeuse Calvynnavorsers, François Wendel.[4] Dat aan Ludi Schulze, benewens sy kwalifikasies in musiekwetenskap en die feit dat hy in die vroeë 1950's — vóór sy teologiese studies — musiek in Potchefstroom gedoseer het, onder andere in 1970 die pos van professor en hoof van die nuut gestigte Departement Bybelkunde by die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied is, weet taamlik min mense. Dat hy egter,

2 Maris J.W., Peels H.G.L. & Selderhuis H.J. 1997. Woord vooraf. In Maris J.W., Peels H.G.L. & Selderhuis H.J. (reds.), 1997. *Om de Kerk: Theologische opstellen, aangeboden aan prof. dr. W. van 't Spijker bij zijn afscheid als hoogleraar aan de Theologische Universiteit te Apeldoorn* (Leiden: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon), p. 7.

3 De Bruyn P.J. 1995. Ludi Schulze — teoloog, musikus en taalkenner. *In de Skriflig* 29(3): 333-338.

4 Vgl. die "Dedication. Close Reading: Ludi Schulze and Calvin Research" deur E.A. de Boer hierna, pp. xiv-xxi in hierdie *Festschrift*, waar De Boer hierdie proefskrif bespreek.

tydens die tyd wat hy aan die Hammanskraalse Teologiese Skool as professor werksaam was (1972-1980), aanvanklik die vakke Ou Testament en Hebreeus gedoseer het, vóórdat hy hom in sy onderrigwerk veral op Dogmatiek en Dogmageskiedenis (maar ook Etiek, Liturgiek en Filosofie) toegespits het, is ook nie so algemeen bekend nie. Sy laaste en langste fase in die formele onderrigsituasie was in Potchefstroom aan die universiteit aldaar, sedert 1981. Toe hy aan die einde van 1994 geëmeriteer het, het hy gelukkig nie opgehou met navorsing en publikasies nie.

Weens sy nederigheid is die Bybelse spreekwoord dat ’n profeet nie in sy eie land geëer word nie, in ’n mate ook op hom van toepassing. Vele van sy eie kollegas was en is waarskynlik onbewus van die internasionale erkenning wat hy wêreldwyd geniet, omdat Ludi Schulze eenvoudig nie daarmee te koop loop nie. Die internasionale samestelling van hierdie *Festschrift* gee egter iets weer van die erkentlikheid teenoor hom op verskillende kontinente.

Die besondere van die wetenskapbeoefening van Ludi Schulze is dat hy, soos weinig indien enige ander teoloog in Suid-Afrika, nie net die moderne taalfilosofie beheers en die verband daarmee met invloedryke strominge soos die historisme in die teologie aantoon nie, maar ook dat in hom die twee onderskeie aspekte van teologie as sowel taalwetenskap en historiese wetenskap altyd tot hulle reg gekom het. En dan is en bly Schulze beskeie en eerlik genoeg om konsekwent sy geloofsbelydenis vanaf die staanspoor in sy teologiese werksaamheid te verreken.

Hierdie *Festschrift*, “Ad Fontes”, het met goedgunstige samewerking oor letterlik oseane heen die lig gesien. Dit blyk al uit die feit dat een van die twee mederedakteurs iemand van die buiteland is: dr. Erik A. de Boer se gewaardeerde mede-inisiatief met en harde werk aan hierdie bundel moet spesiaal genoem word. Sy bydrae oor die *Consensus Genevensis* toon die tipe primêre navorsing waarvoor hy prof. Schulze altyd gerespekteer het, iets wat hy in sy “Dedication — Close Reading ...” (hieronder pp. xiv-xxi) illustreer.

Besondere vermelding moet egter ook gemaak word van wyle prof. N.T. (Theo) van der Merwe, wat onder geweldige pyn en tydens swaar siekte (verskeie tydperke in die intensiewe sorgeenhede van hospitale)

nogtans sy bydrae vir die *Festschrift* met sy kenmerkende noukeurigheid só afgehandel het, dat dit postuum kan verskyn. Hyself wou nog verder werk en afrond aan spesifieke aspekte, maar is op 14 September oorlede — min of meer dieselfde uur wat 'n proefweergawe van die *Festschrift* tydens die 7$^{de}$ Suid-Afrikaanse Calvynkongres op Stellenbosch aan prof. Schulze oorhandig is. In 'n sekere sin is dit miskien juis baie gepas dat hierdie bydrae van wyle prof. Theo van der Merwe, "On the trail of John Calvin's Philosophy of Language" in hierdie bundel die internasionale blootstelling kry wat dit verdien. 'n Deel van hierdie bydrae is naamlik gebaseer op 'n referaat wat prof. Theo vier jaar gelede tydens die 6$^{de}$ Suid-Afrikaanse Calvynkongres in 2000 op Potchefstroom gelewer het en wat hy destyds nie kon laat publiseer nie omdat hy direk ná die kongres met 'n ernstige gesondheidsterugslag vir maande lank in die hospitaal beland het.

Vir vele persone uit verskillende vakgebiede wat graag bydraes wou lewer, was dit ongelukkig weens persoonlike omstandighede nie moontlik nie. Enkeles van hulle noem ons graag, nl. professore D.F. du Plessis (Kommunikasiewetenskappe), Elizabeth Hentschel (Germanistiek en taalkunde), J.J.A. van der Walt (musiek-wetenskap), W.D. Jonker, P.J. de Bruyn en W. Balke (teologie), S. Postma (juris en Latinis) en J. van Genderen (teologie — in Maart oorlede voordat hy kon reageer op die uitnodiging om vir die *Festschrift* te skryf).

Vir die leser sal dit duidelik wees dat die bydraes (in Duits, Nederlands, Afrikaans, Engels en Frans) inhoudelik en taalgewys iets illustreer van prof. Schulze se eie wetenskaplike werk. Om bepaalde inhoudelike redes is die bydraes ingedeel om eers dié met 'n Bibliologies-christologiese aard aan die orde te stel, dan dié wat hulle op die reformatories-historiese terrein bevind, waarna teologies-hermeneutiese en laastens die wetenskaplik-filosofiese bydraes aan die orde kom.

'n Spesiale woord van dank moet gerig word aan prof. D.F. (Francois) Tolmie (Universiteit van die Vrystaat en Hoofredakteur van *Acta Theologica*) vir sy noukeurige en harde werk en deurlopende aanmoediging, waarsonder hierdie band kwalik die lig sou kon sien, asook aan prof. R.M. (Dolf) Britz (redaksie, *Acta Theologica*) wat op 'n onbaatsugtige wyse by verskeie geleenthede ondersteunende hulp in redaksionele verband gelewer het. Ook mev. M-T. Murray se bladuitleg

en geduld met korreksies word waardeer. Die opregte dank van my mede-redakteur, dr. Erik A. de Boer, en myself aan alle medewerkers vir hulle moeite met hulle bydraes onder tydsdruk en soms selfs moeilike omstandighede, spreek vanself.

Mag hierdie *Festschrift* 'n bydrae, stimulus en impuls tot wetenskaplike werk binne reformatoriese kader lewer — en as sodanig voortbou op Ludi Schulze se lewenswerk; en mag prof. Ludi Schulze hierin iets herken van die internasionale waardering vir sy werk. En mag hy saam met sy eggenote, Ita, nog 'n lang tyd gegun word om die gawes wat hy ontvang het aan te wend in diens van die kerk van Christus en tot eer van God.

Victor E. d'Assonville, jr.

Colesberg

Lente 2004